Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

Nr 4 - ??/??/2008

Muli Buti! (hoe gaan dit?)

Dis alweer nog ‘n week verby! Sjoe . . . Eie aan Zambië tyd, het die boorgat-mense nie gekom nie . . . so ons wag nog maar geduldig! Moet sê dis nogal iets om aan gewoond te raak . . . African time . . .

Lourie het toe ‘n verantwoordelikheidsaanval gekry en sy “spanners” uitgeruk en begin tande trek . . . Nee . . . ek het NIE geassisteer nie!

Die eerste chicken coop is klaar en sal seker volgende week in gebruik geneem word.

Hierdie is nou my kombuisie soos dit nou daaruit sien. Heel gemaklik vir kamp! Die yskas en die stoof is om my optimisme te wys! . . . wel, ek GLO ek gaan krag hê, en nie lank van nou af nie!

Hierdie is die lande waar Lourie-hulle sowat 35 GROOT bloekombome uitgehaal het. Dit was ‘n groot werk. Nadat dit afgesaag is, moes hulle dit uitgrou tot sover dat Leen dit kan uittrek.

Terwyl hulle so werk, kom roep Lourie my en se ek moet gou die kamera bring . . . ek dog dis ‘n slang . . . en wou eers nie, maar toe sê hy ek MOET kom kyk wat kry hy in die land . . . ag, kan julle dit glo? ‘n Kleine ou dogtertjie – uitgeput, aan die slaap geraak! Sonder ‘n ou kombersie of ‘n kussingkie!

Net om te wys dat sy darem lewe. (Sien foto)

Lourie het ‘n opvoedkundige sessie met die kinders gehad . . . ”how to brush your teeth!”

Ok . . . en ek was by die hospitaal om ‘n siek kind te gaan aflaai, en het toe sommer by die apteek gaan hallo sê – toe

Muli Buti! (how are you?)

Another week has passed! Wow . . . as it is with Zambian time, the borehole people never arrived, so we are patiently waiting! I must say, it is something to get used to . . . African time . . .

Lourie has gone on a guilt trip, and dusted off his “spanners” and started pulling teeth . . . No . . . I am NOT his assistant!

The first chicken coop is finished, and will probably be used from next week onwards.

Here is my kitchen as it looks now. Very comfortable for camping! The fridge and stove is there to prove my optimism! Well, I believe I will have power, and very soon too!

These are the fields where Lourie and the guys removed 35 HUGE eucalyptus trees. It was a big task. After they were sawn down, they had to dig it up far enough that Leen could pull it out.

While they worked, Lourie called me to fetch the camera . . . I though it was a snake . . . and at first did not want to go, but then he said I HAD to come and see what he found in the field . . . can you believe it? A little girl – totally exhausted, fell asleep. Without a blanket or pillow!

I also put in proof to show she is alive! (See photo)

Lourie had an educational session with the children . . . “how to brush your teeth!”

I went to the hospital with a sick child. I decided to go and say hello at the pharmacy, and they wouldn’t let me leave! I promised to sign up soon to work.

wil hulle my nie laat gaan nie! Ek het belowe om so gou as moontlik te kom “opsign” vir werk.

Melandi gaan ‘n projek begin om aptekerstudente hierheen te laat kom om te help met die kinderhuis en ook dan vir “work experience”. Ek wou ‘n paar fotos steel sodat julle kan sien hoe lyk dit daar – maar mens voel sooo sleg oor almal wat so lê en sit en wag om deur ‘n dokter gesien te word, dat ek dit nie oor my hart kon kry om fotos te neem nie.

Melandi wants to start a project to send pharmacy students here to help in the orphanage and also to do some work experience.

I wanted to take a few pictures so that you can see what it looks like, but felt too bad looking at all the people waiting to see the doctor.

Gisela & Lourie

www.kanjanji.com
childrensvillage@kanjanji.com
✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children’s Village
His heart, His hands, His little children